# Die WAPAD

## STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

**Hoofredakteur:** R. G. Kriel. **Tegniese Adviseur:** P. J. W. Louw.
**Hulp-Adviseur:** P. H. S. Pieterse.
**Subredakteure:** L. Dekker, L. S. Kruger, M Venter, Mejj. H. Hofmeyr en H. Yssel.
**Administrasie:** J. P. H. Viljoen (voors.), G. J. Wissing, L. J. Nelson, B. J. Kruger.

Deel IV. No. 8. AUGUSTUS 1949. 3/- per jaar.

## ALG. OORSIG VAN DIE A.S.B. KONGRES TE STELLENBOSCH.

**Die eerste kongres van die A.S.B. is verby, maar daardeur is ook die sport van die A.S.B. se sukses bereik. Na sy stigting het die A.S.B. 'n jaar gehad om sy eie bestaansreg te regverdig. Die kongres het getoon dat die A.S.B. nou gegrondves is—stewig staan hy op sy fondamente, om te dien en leiding te gee is sy ideaal.**

In die lig van bogenoemde moet ons die kongres in die eersteplek beskou. Dit was die klankbord van ons lede. Hier kon 'n mens luister na die A.S.B. se sukses in die afgelope jaar, jy kon luister na die A.S.B. lede se ideale oor hulle Bond vir die toekoms; hier kon jy maar net luister om die gees van die A.S.B. te verneem. Daarom is dit verblydend vir ons as afgevaardigdes om mee te deel dat A.S.B. sterk staan en beginselvas die toekoms tegemoet gaan. Die kongres het ons getoon: **Die grootste gedeelte van ons studente weet wat hulle wil.** Hier kan ons veral trots wees op ons Noordelike Universiteite wat nog besield is met die vegtersgees, wat bereid is om sonder toegewings die beleid vir die toekoms aan te toon. Maar die kongres het in 'n ander opsig ook tot ernstige nadenke gestem. In hoeverre is die Afrikaanse student nog vry van die verpestende invloed van die liberalisme? Danksy die A.S.B. kongres, is ons oë vir dié gevaar geopen, en sal altyd suiwer gelet word op dergelyke invloede. Die indruk wil nie gelaat word dat die kongres as geheel, of besluite wat geneem is liberalistiese momente getoon het nie—verre hier vandaan. Die kongres het hom getoon getrou te wees aan ons Christelike-nasionale beginsel. Alleen sommige gedagtes uitgespreek deur kongresgangers en belangstellendes wat demokrasie met liberalisme verwar, het aanleiding gegee tot die besef van vreemde invloede. Daarom: **Laat ons altyd suiwer bly en gekonsolideerd optree in ons beginselvaste Bond. Laat ons reeds die A.S.B. gebruik as vegsmiddel teen hierdie gevaar onder studente.**

In die tweede plek was hierdie kongres van groot belang. 'n Duidelike uitspraak oor apartheid, die kongres se studieonderwerp, is gevind. Hierdie probleem is baie intensief behandel, by wyse van referate wat gelewer is. Om 'n indruk te gee van die geweldige omvang wat die bestudeering van die probleem aangeneem het, noem ek die onderwerpe van die referate: Politieke, sosiologiese, teologiese, ekonomiese en biologiese aspekte. Verder is verhandelings gelewer oor die onderwys en apartheid, woonruimte en apartheid, toestande soos aangetref op gemengde universiteite en 'n verslag oor die resultate wat bereik is met die ondersoek onder naturelle.

Inkort: Wetenskaplike en intensiewe werk is gelewer oor een van die moeilikste landsvraagstukke. Die kongres het alle bevindinge soos saamgevat deur voorstelle gelewer deur elke referent, saamgesmelt tot die volgende algemene besluit:

**Die Naturellevraagstuk is 'n nasionale vraagstuk en kan opgelos word met die goeie wil van Suid-Afrika se hele bevolking. Die vraagstuk is die van twee rasse wat albei die volle reg van bestaan het, en hierdie verskil kan alleen gehandhaaf word as die twee rasse as verskillende identiteite in hulle eie**

(Vervolg na bladsy 2, kolom 2).

### P.U.K. A.S.B.-TAK HET PRESTEER.

**Dit het die Redaksie te hore gekom dat die A.S.B.-tak van P.U.K. tydens die kongres voorgehou was as 'n voorbeeld vir ander takke wat betref werk en inisiatief.**

**Dit is 'n besondere prestasie en ons kan waarlik die bestuur met sy lede hartlik gelukwens.**

**Ook het die besondere eer ons getref met die beslissing op die hoofbestuur naamlik dat Jan van der Walt as president gekies is en Willem de Klerk as Direkteur van Studie en navorsing.**

**P. GROBBELAAR**

FOON 331.
KING EDWARDSTRAAT 114,
POTCHEFSTROOM.

PRAKTIESE SNYER
EN KLEREMAKER.

★

Distribueerder van

Rex Trueform Klerasie.

**P. H. JOB**

King Edwardstraat 51,
(oorkant Queen's Hotel)
POTCHEFSTROOM.
Foon 1031.

Agent ELECTION horlosies
Büren, Lanco, Ernest Borel, Renee etc.
VIR EERSTEKLAS REPARASIES
EN GRAVEERWERK.

**J.N.J. KRITZINGER**

FOTOGRAAF

ROYAL HOTEL-GEBOU,

Kerkstraat 84, Telefoon 455,

POTCHEFSTROOM.

AS U 'N FOTO WIL SKENK,

Kyk dan eers na ons Foto's (in ons Ateljee of by tevrede P.U.Kaners).

*Die Wapad.*

Augustus 1949.

# HAAS JOU LANGSAAM.

**Hoewel niemand die beginsels van N.U.S.A.S. onderskryf nie, het dit tog op die afgelope Kongres geblyk dat die A.S.B. nog nie glasheldere duidelikheid het oor die houding wat t.o.v. die bestaansreg van N.U.S.A.S. aan ons Afrikaanse universiteite ingeneem moet word nie.....** Daar is met sterk aandrang geredeneer dat elke mens die reg het om sy eie opinie oor sake te hê. Daar sou dus geen etiese gronde wees om N.U.S.A.S. bestaansreg op ons Afrikaanse Universiteite te ontneem nie. Dit het die spoorslag gevorm vir die standpunt dat die Kongres 'n aanbeveling aan A.S.B.-geaffilieerde studenterade moet doen om N.U.S.A.S. toe te laat. So 'n onvoorwaardelike vergunning aan N.U.S.A.S. sou dan 'n toets aan dié organisasie stel. „Dan sou 'n mens kon vasstel hoe grootmoedig en demokraties sommige van ons liberalistiese vriende is," aldus „Die Matie."

'n Mens is bevrees dat dié toets ook ál sou wees wat positief op hierdie stadium bereik sou word. Bg. standpunt is op die kongres afgewys. Nie omdat die Kongres aan „'n abnormale vrese" gely het nie, maar omdat wysheid en goeie beginselinsig dáár deurslag gegee het. Die kreet van „vryheid" wat soms in die naam van die demokrasie geuit word, is dikwels suiwere liberalisme. Dit is beslis 'n stryd met 'n christelik-demokratiese vryheidsopvatting dat elkeen oral en altyd reg op enige standpunt het.

Dit klink mooi om te praat van „eerbied en respek vir 'n ander se standpunt"—maar as in gedagte gehou word dat dié eerbied en respek gevra word vir die lewensbeginsel van 'n Kommunis wat daarop bereken is om die fondamente van jou kerk en volk in dui te laat stort, dan word die „eerbied en respek" niks minder as verraad nie! Daarom sê ons: dit Kongres het met wysheid en gesonde beginselinsig gehandel. Een verbroude stap en ons eie, ons goeie saak is vergoed die rug gebreek! In konsensieuse sake is dit altyd wenslik en die goeie saak ten goede om jou te hou aan die beproefde reël: festina lente.

(Vervolg van bls. 1, kol. 3).

**gebiede kan ontwikkel. Hierdie verskil in ras erken ons is nie 'n verskil wat deur die mens geskep is nie, maar deur God. Hierdie verskil word verder beklemtoon deur die kultuur en beskawings-verskille. Daar is 'n besliste onderskeid tussen die twee rasse. Om hierdie onderskeid te handhaaf spreek die kongres dit as sy oortuiging uit dat alles gedaan kan word deur die besliste deurvoering van 'n apartheidsbeleid wat berus op die Christelike beginsels van reg en geregtigheid. As einddoel van apartheid sien ons Bantoe stamme in afsonderlike eie gebiede: volkome selfstandig en selfversorgend veral ten opsigte van politieke, ekonomiese, kultuur, opvoedkunde en godsdiens. Tot hierdie einddoel moet geleidelik en stelselmatig oorgegaan word.**

Die referate en voorstelle sal later gepubliseer word, sodat elkeen dit kan besit. Verder het die kongres ook 'n aantal belangrike beskrywingspunte afgehandel sowel as die A.S.B. se verhouding met NUSAS bepaal. Benewens dit alles is ook nog besluite geneem i/s die deelname aan die inwyding van die monument. A.S.B. sal 'n vlagloop organiseer vanuit verskillende dele van die land na Pretoria.


Dit alles is maar net 'n flitskykie oor die aktiwiteite van die kongres. Ons het gegaan om iets te lewer en ons het iets gelewer.

Tenslotte wil ek net meld dat ons P.U.Kaners trots kan wees. Besondere eer het ons tebeurt geval met die keuse van mnr. Jan van der Walt as president van die A.S.B. Hierdie prestasie is genoeg bewys vir die lede op welke manier ons inrigting op die kongres verteenwoordig was.

W. J. DE KLERK.

Hoe onkundiger jy is, hoe makliker is dit vir jou om teen enigiets gekant te wees.—H. G. Wells.

# In Memoriam.



Jan Jordaan . . . soos 'n dolksteek in die hart het ons die boodskap ontvang: Hy is nie meer daar nie . . Pynlik leef die wete dat ons hom nimmer weer sal sien nie. Nooit sal daardie helder lag weer in ons ore klink nie.

Aan die begin van Julie het hy in die Pretoriase hospitaal heengegaan.

Gedurende die hereksamens aan die begin van die jaar het Jan hom te veel ingespan met die gevolg dat sy hart „ingegee" het. Ons wat hom hier in die plaaslike hospitaal besoek het, het saam met hom gehoop en vertrou dat hy spoedig sou herstel. Maar in Gods Raadsplan is dit anders besluit.

Johannes Christoffel Jordaan is op 20 Junie 1925 te Avontuur in die distrik Middelburg (Transvaal) gebore.

Op 12-jarige leeftyd is hy saam met sy ouers na die distrik Brakpan.

Nadat hy Std. VI suksesvol afgelê het, het hy 'n beurs verwerf vir verdere studie.

Reeds van jongs af het hy 'n besondere voorliefde vir lees en sport openbaar. Ons het hom dan ook geken as 'n konsensieuse en arbeidsame student.

Op 17-jarige ouderdom het Jan in Desember 1942 die matriek-eksamen met lof afgelê.

Daarna was hy werksaam in die departement van Naturellesake en sedert September 1944 het hy 'n betrekking aanvaar by Die Transvaler-Boekhandel. Hoewel hy goeie opgang gemaak het, wou hy hom bekwaam vir predikant. Nadat hy die eerstejaar B.A. privaat afstudeer het, het hy aan die begin van 1942 as tweedejaar B.A.-student by die P.U.K. ingeskryf.

En nou is Jan nie meer in ons midde nie. Droewig was die tyding van sy afskeid. Onverwags. Sonder om te groet. Ons wat hom as vriend geken het, sal altyd aan hom gedagtig wees —hy wat, menslik gesproke, te vroeg moes heengaan. Slegs 24 jaar oud! Sy beeld sal altyd in ons midde bly. Sy vroeë dood het ons tot besinning geroep. Ons wat hom nie in sy laaste lewensure kon groet nie, wil hom toeroep: vaarwel, liewe vriend!

Aan sy diep bedroefde ouers en familielede wil ons in swakke menslikheid toebid die troostende genade van God in Jesus Christus. Mag die Heilige Gees hulle versterk in hierdie tyd van beproewing.

---

Hiermee wens die Redaksie van die „Wapad" namens al die P.U.K.-studente ons innige simpatie uit te spreek met mnre. **A. J. Swanepoel** en **F. J. E. Buys** wat gedurende die afgelope vakansie, elk 'n broer verloor het asook **Oom Rabbo Pasch** wat 'n suster verloor het, en die familielede van wyle mnr. **J. C. Jordaan** wat skielik gedurende die Julievakansie oorlede is.


Mag hulle in hierdie uur van beproewing ervaar:

„Beswyk dan ooit in bitter smart
of bange nood my vlees en hart
dan sal u wees vir my gemoed
my rots, my deel, my eew'ge goed."

—(Ps. 73: 11b.)

---

Pukke is altyd hartlik welkom by
UNIEWINKELS
as hulle in Johannesburg is.
**ONS VOORSIEN REEDS DIE VOETBALTRUIE EN KOUSE.**
**Binnekort maak ons 'n belangrike aankondiging i.v.m. die KLEURBAADJIES.**
**UNIEWINKELS BPK**
Johannesburg.
**KERKSTRAAT 45.** **FOON 22-4746.**


**DIE NUWE VELOCETTE 149 c.c.**
Twee-silinder, Waterkoeling,
met aandryf-as
£147/10/0
**J. HEIDEMA**
**Kerkstraat 30,**
teenoor die Geref. Kerk,
**POTCHEFSTROOM.**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË.

**DRIE BEROEMDE**
**1/6** GENEESMIDDELS:
**Alma Hartdruppels,**
**Metafos: die groot senuweeversterker,**
**Maxo Poeiers vir Hoofpyn, Rumatiek en Griep.**
**S. M. LEWIS, BPK**
**APTEKERS,**
**POTCHEFSTROOM.**

# Oordenking.

## EIENDOM VAN GOD TE WEES.

**„AAN U BEHOORT EK" . . . . Ps. 119: 94a.**

Saam met die Psalmdigter bely elke ware kind van die Here: Aan U behoort ek! Dit is 'n gewigtige belydenis; 'n belydenis wat diep ingryp in die lewe van die gelowige.

Vir hierdie eiendom het God 'n groot prys betaal. Die prys was die bloed van Jesus Christus. Die Verlosser het sy lewe gegee om Sy kinders los te koop uit die heerskappy van Satan. Wat 'n geweldige groot koopsom is dit nie. Die Here Jesus het duur betaal vir Sy eiendom, vir Sy kinders. Hoe onbegryplik groot is die liefde van God nie vir sondaarmense nie!

**Eiendom van God te wees . . . . Dit bring groot verantwoordelikheid en verpligtinge mee.** Wie met sy hele hart sê: „Aan U behoort ek," sê daarmee terselfdertyd: „Ek behoort nie aan Satan nie; ek staan nie in die diens van Satan nie; ek doen nie sy wil nie. Ek behoort ook nie aan myself nie daarom kan ek nie maak soos ék wil nie. My eie wil moet op die agtergrond staan; wat vir my aangenaam en gerieflik is, weeg nie die swaarste nie. Want . . . ek behoort aan die Here.

Al my kragte, my talente, my vermoëns moet ek aan Sy diens wy. Ook nou in my studentejare: deur my getroue studie, deur my ywerige diens in die verskillende Studenteverenigings, deur my ingetoë en sober lewenswandel, deur my getroue kerkbesoek en Skrifstudie. Ja, in alles wat ek doen, ook wanneer ek vreugde en ontspanning geniet op die sportgronde of waar ook al, sal ek moet onthou: Ek behoort aan die Here. Ek moet Sy wil doen; tot eer en verheerliking van Sy Naam moet my ganse lewenswandel wees, want Hy het 'n hoë prys vir my betaal. Sy bloed.

**Eiendom van God te wees . . . . Dit is ook 'n ryke troos vir die kind van die Here.**

Iemand wat sy eiendom met moeite verwerf het of 'n groot prys daarvoor betaal het, het dit lief, bewaar dit, dra dit op sy hart, beskerm dit teen vernietiging.

So het God sy eiendom lief, net met 'n oneindig groter liefde as waarmee ons ons eiendom liefhet. Sy liefde vir Sy kind is onbegryplik groot. Dit is nie soos die liefde wat iemand het vir dooie, stoflike besittings nie, maar dit is die liefde van die Vader vir sy kind.

As u waarlik bely: „Aan U behoort ek, Here," weet dan dat die Here u bewaar en beskerm, wanneer die bose op u loer, wanneer teëspoed een terugslae en stryd u kragteloos maak. Die Here laat Sy eiendom nie van Hom wegskeur nie; wat aan Hom behoort, sal Hy nie laat vergaan nie.

Die wat aan God behoort, bly Sy eiendom, nie alleen in hierdie lewe nie, maar ook aan die ander kant van die graf.

Laat elkeen van ons onsself afvra: Blyk dit uit my lewenswandel dat ek aan die Here behoort . . . of . . . miskien . . . dat ek aan Satan behoort?

Ph. S.

### GEVLEUELDE WOORDE.

As julle n-i-k-s- weet nie, mense, moenie julle onkunde aan die wêreld bekend maak deur op 'n groot bord te skrywe: E-k weet **niks** nie—en dit in die grond te plant nie!!!

HO AMIE-KOS SOFOS.

Gee voor dat jy baie vriende het, maar glo self dat jy baie min het.

(Vervolg van bls. 10, kol. 3).

**se manewales te bewonder. Arme Joos!** Ons hoop nie hy word nou **kysloos** nie.

Ten slotte 'n beskeie gediggie wat ek in dié oomblik van intense meegevoel uitgewring het:

Een middag ná Griekse klas,
Het Josie ons almal verras:
Hy probeer 'n **triek**
Maar ek trap die briek—
En hy trek teen die teerstraat vas.

C.M.

DIT IS TRADISIE DAT DIE

P.U.K.-STUDENT

van al sy benodighede deur

**DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL**

voorsien word.

**Studieboeke, Vulpenne, Skryfbenodighede, Populêre Leesstof en Tikmasjiene word in voorraad gehou.**

Ondersteun u eie Boekhandel

DIE

**TRANSVALER-BOEKHANDEL**

**Foon 497, Kerkstraat 90,**

**POTCHEFSTROOM.**

Ons strewe is Diens aan die Publiek.
Service to the Public is the inspiration of our efforts!
Always first with the Latest Shoe Creation.
Altyd eerste met die nuutste skeppings in Skoene.

**Largest Distributors of High Grade Footwear in South Africa.**

**Grootste Distribueerders van Stewels en Skoene in Suid-Afrika.**

**W. M. CUTHBERT**

Posbus—296—P.O. Box
Foon—137—Phone
**POTCHEFSTROOM.**

Skoeisel-Spesialiteite
Footwear Specialists

**BLACK'S**

DAMES EN MANS

UITRUSTERS

* * *

**Posbus 197. Foon 179.**

**KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**




## DIE TONEEL-TOER 1949.

Na 'n bietjie gevroetel het ek eindelik weer my dagboekie te voorskyn gehaal. Hoe heerlik om dan weer die grysheid van die daelikse roetine te verbreek deur weer terug te leef in die verlede! Al kan julle Pukke nou nie elke situasie só deurleef soos dit werklik was nie, en elke grap verstaan in sy hele verband nie, hier is tog enkele aanhalings uit my dagboekie om vir julle 'n idee te gee wat alles op die toer aangegaan het.

**Dinsdag 28 Junie.**

Die P.U.K. het nog nie eers gesluit nie, maar al wat ry is ons! 'n Groot menigte kom sien ons af op Cachet—meestal van verlede jaar se toerders. Hulle maak dan ook baie gou 'n aparte groep en hou weer so 'n kort repetisie van verlede jaar se toer met 'n paar liedjies en "your golden watch and chain." Eindelik ry ons. Ons toer is nog geen geheel nie maar 'n klomp groepies want ons ken mekaar nog nie. 10 nm. Klerksdorp! Ons hele boel loop na die winkels toe en vorm 'n sirkel in die Loopstraat waarom die enkele motors wat daar nog ry, moet draai.

**Woensdag 29 Junie.**

Wolmaransstad! Hoe 'n knop kom in my keel en hoe bitter word my mond as ek aan jou dink! Hier lê ons twee dae oor, sonder huis of haard." Dis die ene plat, vaal Wes-Transvaal met sand en stof en koue. Daar word 'n gat in ons finansies geslaan deurdat ons in die kafee moet „lê" teneinde aan die lewe te bly. Stel u voor: twee dae lank gestrand op 'n Wes-Transvaalse dorpie. Dis byna meer as wat vlees en bloed kan verdra. In alle geval, ons eerste opvoering was, ten spyte van die ongeorganiseerde staat waarin die dorp verkeer het, heeltemal bevredigend. Ons het ons só verveel dat ons al die bewoners se aandag getrek het en hulle het uit pure jammerte ons toe kom ondersteun! (Die manewales van 30 Junie bly bewaar in my dagboekie. Dit behels grotendeels die oggendete op die perron—'n heerlike oggendete in ons „nagkebaaie" (alias porjakkies) —natuurlik met jasse aan!)

**Vrydag 1 Julie.**

Ons is al vroeg-vroeg vanoggend op Maquassi. Die verkeer was hier so druk dat Lappies dit nodig geag het om in amptelike gewaad (met sy kleurbaadjie aan) die verkeer te reël. Op die manier kon ons veilig by die

(Vervolg na bladsy 8, kol. 2).

## TONEEL TYDENS A.S.B.-KONGRES.

Tydens die kongres het daar ook 'n inter-universitêre toneelkompetisie plaasgevind. Stellenbosch het met die opvoering van „Die Vrees" die eerste plek verower. „Die Braaiboud," die eenbedryf wat die P.U.K.-toneelvereniging opgevoer het, het egter kritiek van hoogstaande waarde ontvang. Ons kan die spelers saam met die reggiseuse gelukwens vir die vertoning. Ons is trots op hulle.

Dis altyd beter om iets weg te laat as om iets te sê wat nie die moeite werd is nie.—Arthur Schopenhauer.

*Wanneer u*

OU VRIENDE(INNE) WIL ONTMOET,
LANG PRETTE WIL MAAK,
LEKKER WIL ONTSPAN,
EN TERSELFDERTYD LEKKER WIL EET,

*Kom na*

**CACHET VERVERSINGSKAMER**

Tee, Koffie, Koeldranke, Eetware, Sigarette, ens., alle tye van die dag verkrygbaar.

Eienaar: H. J. Kruger.

# SPORT.

**Aangesien die kwartaal nog jonk is en daar nog nie belangrike slagtings op die Sportveld plaasgevind het nie, sal u vind dat in hierdie uitgawe geen verslae verskyn nie.**

* * *

## KORFBALKLUB.

Die kwartaal is met nuwe geesdrif en entoesiasme aangepak. Net soos verlede kwartaal is ons weereens beslis om al die wedstryde te wen.

Die Mercia-beker is as 't ware al in ons hande. Die groot eer nl. om vir die Unie-skild te speel, mag ons ook miskien te beurt val.

Ons wil net 'n beroep op al die lede van die Klub doen om tog maar die oefeninge by te woon want "practice makes perfect."

MEJ. H. SCHEEPERS, Sekr.

## DAMES-HOKKIE.

Met die nuwe kwartaal het ons ook met hernude entoesiasme die hokkiestokke opgetel en ons is vasbeslote om ons teenstanders te wys dat hulle wel deeglik met ons moet rekening hou. Daar moet nog liga-wedstryde teen Potchefstroom-dorp, Witrand en Western Reefs gespeel word en soos altyd weet ons dat almal se steun ons sal deurhelp na die wenpaal.

M. CALITZ, Sekr.


## WEERVOOR-SPELLING

**Weervoorspelling vir die semester 3 Augustus tot 30 November.**

In die vroeë oggend sal ligte miswolke oor die bankies onder die bome sigbaar wees as gevolg van die toere gedurende die vakansie. Later in die dag sal digte lentekyswolke op die „bergstreke" saampak. Dit word verwag dat die „groot berg" onsigbaar sal wees. „Panic" temperature vir die eksamens ongeveer die gemiddelde. In die middag sal ligte tot matige bloktydwinde oor die gadland, en die uitspan en vleuel gebiede van ons heimat waai. Swaar eksamen donderstorms kan teen die aand oor die hoofgebou en laboratoriums verwag word.

WEERKUNDIGE.

***„OORVERTEL DEUR SPRINGBOK" Nr. 6***




# Krag-Reuse van die Platteland!

**Die platteland lewer prestasies op die gebied van gewig-optel op wat baie skouspelagtiger is as enige kragtoer in die sport-arena ! Byvoorbeeld . . .**

**Nadat hy sy wa met 3,000 pond mielies gelaai het, het Oelofse, 'n boer van ses voet vier duim lank, die wa met sy een hand opgelig, 'n wiel uitgehaal en die as gesmeer !**

**In Griekwaland het Kupido Kok 'n wa met 'n vrag van 2½ ton opgelig ; en met slegs sy eie krag het Ike Cowley van die distrik Knysna 'n weghollende wa van 6½ ton tot stilstand gebring !**




50 - 20 - 10
*Met of sonder kurk*

# SPRINGBOK
## *Die Sportman se Sigaret*

U/S 3..

Niks is moeilik as jy weet hoe om dit te doen nie.—Sjinese Spreuk.

Wees versigtig vir vyf dinge: Met wie jy praat, van wie jy praat en hoe, waar en wanneer.

Onthou jouself van die oordeel, want ons is almal sondaars.

# ALABAMERS: ONS KYK TERUG

Ja, die Alabama-orkes het weer getoer. Wat het gebeur? Niemand kon dit ooit dink nie. Dit het alles so gebeur: Stadig, stampend en stotend trek die trein weg van Cachetstasie en ry dra sy las „getroos en tevree". Behalwe At Erasmus se groot voete en lang bene was daar plek vir almal in die trein-wa. (P.S.: Hy draai net sy voete na agter sodat dit nie in die pad is van diegene voor hom nie). Ja! Op die stasie staan net die Pukke wat ons kom groet het.

Die volgende oggend stel elke Alabamer sy kunstalent voor en beskilder die trein van voor tot agter. Naas van der Walt het die kunswerk as on-C.H.Oties bestempel. Verbeel jou; P.U.K. vir C.H.O. en ook Alabama boere orkes" asof die mense nie kan sien wie ons is nie.

Emelia Breedt verjaar ook toe nog en sy staar met verlangende oë, soos 'n vendusiedonkie, oor die Transvaalse vlaktes waar 'n mens 'n week vooruit kan sien as jy op jou pens lê. Net daar het At se hart week geword, en toe begin dit. Dis toe net „Kleinding" van voor en „Kleinding" van agter. At moes maar goed beduie dat daar nie 'n ander „Grootding" is nie voor die „Kys" kon posvat. Arme Frik Venters moet alewig sy skoonma soek sodat dié dan kamma die treine moet koud lei as die lokomotiewe die stasies intrek. Dan moes Faan le Roux se ouma reeds die trein van voor gaan inhaal op 'n „tricycle." Tiekie du Toit het die grootste vrees dat Rooi Koos hom in sy sak sal steek maar sy voete is egter te groot. Dan loop daar nog sulke kulturele barbare rond soos Jan Booyens. Sy enigste troos deesdae is dat daar vir elke pot 'n deksel is, al is dié dan ook hoe skeef.

Ons het mos toe ook die vermiste drie „B's" ontdek. Hulle is Booyens, Bach en Botterbul. As Piet Brits na Ermelo se kant verlang en nie 'n brief per AVON ontvang het nie moes die „Botterbull Boogie-Woogie" gespeel word. Botterbul dra mos deesdae net gelapte broeke, want hy kom van die plaas en hou hom dus plaaslik.

Twakkies Oosthuizen en nig Charlotte Viljoen, die nagtegaal van die toer, se „kys" sou 'n goeie aanhef gewees het vir die „New York Times Corp." Verbeel jou dat 'n man tot daardie lae beskawingspeil kan kom en heeldag daarmee te koop loop dat hy 'n foto van haar besit.

**Hannes de Beer loop nog steeds rond soos 'n koeël wat sy doppie verloor het. Hy is egter 'n klavierstemmer-maniak en sal enige stadsaal se klavier gratis stem.**

Twee ongelukke wat die Alabama soos kartetse getref het was die aand toe die hele Decór op Ermelo inmekaar tuimel en toe Twakkies soek geraak het. Die eerste was nie so treffend as die tweede nie. Verbeel jou daar loop Twakkies in die strate van Warmbad rond met net 'n nagpak en 'n jas aan en sy bekertjie in sy hand—die verlore seun wat die trein agter gelaat het net omdat hy wou koffie drink. Hy het egter op Brits aangekom. Dit bly sy geheim.

**Ons kan egter nie die Lessings en gesin vergeet nie. Hulle was tog so liefdevol vir mekaar. Meneer Lessing is egter nog onervare in al die uithoeke van daardie lewe en sy moes dus af en toe wenke aan die hand gee. . . . Magoebas kloof was glo die besieling waaruit geput en gegrawe was.**

Die ander persone (Ekskuus . . . Lede) het hulle nie op die gebied van Spykerologie beywer nie alhoewel dit soms moeilik gegaan het.

Die Alabamers het egter almal na die toer lewendig by die huis aangekom. FAB.

*LEES*———

Die Westelike Stem

Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.

———:o:———

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

CORNER FRUIT STORE

VIR

VARS VRUGTE EN GROENTE

DAELIKS.

• • •

HOEK VAN KING EDWARD EN RETIEFSTRAAT.
Foon 118.

LUCILLE

DIE ROK SPESIALIS

Altyd eerste met die Jongste.

Foon 62.
Kerkstraat 146,
POTCHEFSTROOM.

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.KANER

J. P. V.D. WALT. L.F.V

Apteker

Kerkstraat 111 (langs Ackermans)
Foon 929,
POTCHEFSTROOM.

* * *

Ek voorsien alles wat van 'n Apteek verlang word.

VRA VIR DIE

Beroemde

*"Bennie Osler"*

RUGBY STEWELS

„GRAND CHALLENGE",
"INTERNATIONAL"
EN "JUNIOR"

vanaf 32/6

* * *

DE BRUYN SE SKOENWINKELS

(EDMS.) BPK.

POTCHEFSTROOM.

# W. J. GRAHN
HAARKAPPER.

DIT IS DIE STUDENTE SE HAARKAPPER.

*Hier kry U Diens!*

* * *

**LANGS DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL.**



KOM NA

POTCHEFSTROOM
# HANDELAARS

Die mees bekende Afrikaanse Handelaars.

**Fone: 259 & 250.**
**POTCHEFSTROOM.**
**KERKSTRAAT,**



Potchefstroom se Mees Moderne DAMES-KLEREWINKEL

Die jongste versameling van

**Dames rokke, -Baadjies, „Jeeps," Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodighede, ens**

BY
# LA VOGUE
(J. M. Taylor)

**Posbus 221.** **Foon 440.**



# MODERN FURNITURE MART
**KERKSTRAAT 128,**

VIR AL U MEUBELS.
**„DE WALD RADIOS"** in voorraad sowel as Slaapkamer, Draagbare en Tafelradiogramme.

REDELIKE PRYSE.
Maklike terme kan gereël word.


(Vervolg van bls. 5, kol. 2).

kafee aanland. Vanmiddag het ons op Christiana aangekom. Die opvoering vanaand was suksesvol. Ons het só van Christiana gehou (die Spoorweë en Hawens het dit op een of ander manier uitgevind) dat ons nie kon wegkom nie. Toe ons kwart voor middernag op die stasie kom, en al ons gashere alreeds vertrek het, kom die verbysterende nuus—„die trein kom nie kwart-oor-twaalf nie maar half-vyf! Terwyl die dames slaap in een van die wagkamers het ons die grootste deel van die nag deurgebring deur pret te maak en na Kaspaas te luister—hy is dié man om onder sulke omstandighede die gees op te hou!

**Maandag 4 Julie.**

Ons item studenteprent kon ons vanaand in die (byna) leë saal op De Aar in 'n nuwe gedaante voordra nadat ons dit die middag in die (heeltemaal) leë saal geoefen het. Die hele item in sy nuwe gedaante was indirek vrug van Jan Bas se oratoriese talent. Direk egter is dit afkomstig van ons reisvader. Die enigste ernstige siekte op die toer (Betsie s'n) begin hier. Gelukkig voel ons ander klomp só lekker dat ons „heerlik saam sing tot lank na middernag . . . .

**Dinsdag 5 Julie.**

Ons prys almal Middelburg se gasvryheid baie hoog. Dis 'n dorp wat sy gedagtenis diep in ons agtergelaat het. Koos, Piet Das sluit o.a. hier tydelik by ons geledere aan.

**Vrydag 8 Julie.**

Ons het die hele Steynsburg deurgery met die vragmotor. Dan roep ons „al die inwoners van Steynsburg" met 'n sterk luidspreker en stel hulle in kennis dat die Toneelgeselskap in hulle midde is. Hulle het terdeë kennis geneem hiervan soos die oorvol saal kon getuig. Terwyl ons opvoer op Steynsburg wat so mild ondersteun word deur ook mildelik van ons besittings uit die kleedkamer gedra—Jan se rewolwer, Victor se sigarette, my vulpen.

**Saterdag 9 Julie.**

Ons het vanoggend 5 uur op die beroemde Molteno aangekom en moes van die trein af klim. Ons het toe reeds, soos trouens die hele naweek, diep onder die indruk van hierdie hooggeleë plek gekom, want hy is natuurlik beroemd vir sy koue weer. Die mense het ons egter 'n warme ontvangs gegee. Die opvoering was suksesvol. Selfs die telefoon wat Pieter (Sirkus) van die tafel afgegooi het kon hy weer heel kalm optel met 'n vreesagtige blik na die deur om uit te vind of sy vrou nie nou met hom sal kom raas „as ek die goed so afsmyt nie."!

**Dinsdag 12 Julie.**

Aliwal Noord. Ons neem die hele dorp op horings met die twee sterk luidsprekers wat op ons vragmotor aangebring is.

Net voor die opvoering ontvang Jan Bas en ek die blye tyding dat die gesteelde goed terug gevind is. Na die opvoering gaan eet ons almal koue kalkoen op uitnodiging van die eienaar van die hotel Aliwal—en was dit lekker!

**Woensdag 13 Julie.**

Winter of te nie maar vanmôre baljaar byna almal van ons in die warm baddens. Dit is só heerlik

(Vervolg na bls. 10, kol. 1).


# POTCHEFSTSROOM
# DRY CLEANING WORKS
**FOON 789. POTGIETERSTRAAT 18.**

**PROBEER ONS**

VLEKLOSE DROOGSKOONMAAK EN SPOEDIGE AFLEWERINGS.

*Eienaar:*
# P. D. DE WET POTGIETER
**POTGIETERSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

# -: KORRESPONDENSIE :-

Sondag—Maandag,
26—27 Junie.

Hooggeachte mijn heer de Redakteur,

Als dat Uw onderdanige dienaar tans een bijdrage wil leveren tot Uw zeer gewaardeerde blad. Om met de politiek te beginnen, wil ik dan zeggen dat Afrikaners en Hollanders broeders en zusters zijn, die elkander teeder beminnen en dus altijd ruzie maken. Dat Uw onderdanige dienaar ook 'n zekere zuster bemind, is alom bij niemand bekend, omdat hij geen ruzie gemaakt heeft en juist daarom zijn „kijs" gebroken is. Voorwaar, het was 'n schone tijd, maar ach, het is alles voorbij, zoöals een zoete droom die wreed werd afgebroken door het schelle geluid van een klok, die zegt, dat men zijn 8-uur klassen daarom ook zoo nu en dan moeten bijwonen.

Ja, beminde Redakteur, nu beland ik dus weer bij de wetenschap. En ik wil dan korteliks opmerken, dat slechts zeer weinigen onder ons,, studenten, leven om te studeren, en dat de groote massa studeert om later te kunnen leven. Een van mijne broeders merkten in zijn boek der Spreuken op dat „ons baie lekker sou lewe op die P.U.K., as daar net nie klasse sou gewees het nie." En voorwaar, mijn broeder heeft de waarheid gesproken, hetwelk overigens een groote seldzaamheid is.

Geliefde Redakteur, ik ga tans eindigen. Ik besef, mijn brief is kort, maar mijn liefde is groot en dit tellen 't meest.

Van liefde gesproken, mijn zuster gaat trouwen; ik wou ook eens op 'n slag gaan trouwen. De magistraat vraagde mij toen hoe mijn aanstaande vrouw haar naam heeten. Ik zeide toen, dat het toch zeker zijn plicht was om te zorgen dat ik een vrouw kreeg. Daarvoor is hij toch magistraat. Ja, en ik kreeg £50 boeten voor dat grapje. Gelukkig is mijn schoonvader een rijk man.

Lieve mijnheer de Redakteur; ik heb nu niets meer om te schrijven. Als ik toch nog verder sou gaan, sou het maar inhoudloze nonsens wezen. Ontvang hartelike groeten van uwe broeder,

WINDVOGEL.

P.S. 1: Ik heb gehoord, dat mijn broeder Blom 's avonds Hollands loopt; zeg tegen hem dat Blom op Hollands bloem is en dat nochtans zijn geliefde Dekkeriaanse Bloem mettertijd maar alleen Bloem zal weesen.

P.S. 2: Zeg ook tegen uw dienstknecht Leendert, dat het fataal zal zijn, indien hij op zijn trouwdag ook de verkeerde helft naar de kerk zouden sleepen, gelijk hij gisteravond gedaan heeft.

---

As jy dan moet raad gee word 'n geneesheer of regsgeleerde en verkoop jou raad.

Elke man is die bewaarder van sy eie waardigheid.


# W. J. GROBBELAAR

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

*Jamal Machineless Cream Perm.*
*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Tabak-handelaar en Fantasiegoedere.

Tel. 330. KERKSTRAAT 92, POTCHEFSTROOM.



*Die Kwaliteit tel altyd.*

Probeer hierdie vir Ekonomiese en durende gemak.

* * *

Sportbaadjies—Embassy.
Sportbroeke—Alba.
Sportskoene—Master 6.
Nuutste Hoede—Battersby.
Pakke Klere—Perfection.
Reënjasse—Durburg.
Pyjamas—Monatic.
Hemde—Consulate.
Onderklere—Meridian.
Dasse—Tootal.
Kouse—Wolsey.
Kruisbande—Guyot.

* * *

ALLES VERKRYGBAAR BY

**TOD SUTTIE'S**

**Die Mans Klerewinkel.**



**KOM SIEN ONS**

vir u

Fotografiese- en Aptekersbenodighede.

GEEN EN VELLEMAN,

**KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**



**STUDENTE!**

Vanaf 1 April l.l. het

**DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK**

(Eienaars van: „Die Vaderland," „Die Brandwag," „Rooi Rose," „Kort en Goed," „Sondagnuus," ens. ens.) nie alleen in daad maar ook in naam in **Potchefstroom** verteenwoordig. Vanaf genoemde datum dryf ons handel onder die naam van

DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK

**IN DIE OU "HERALD" GEBOUE**

**(Kerkstraat 110)**

wat tans herbou is in 'n pragtige MODERNE WINKEL vir

**BOEKE, SKRYFBEHOEFTES EN PRESENTE.**

Ondersteun u Afrikaanse besigheid!

Die Afrikaanse Pers Beperk

**Posbus 149. Potchefstroom. Foon 363**

(Voorheen DIRK PONS EN KIE.)

**Kerkstraat 110.**

(Vervolg op bls. 8, kol. 3).
warm in die water dat nie een van ons lus het om uit te klim nie, vanweë die aansienlike lae temperatuur buite die water. Vanaand ry Jan en ek terug Steynsburg-toe vir die hofsaak en om ons gesteelde besittinge weer te gaan haal.

**Vrydag 15 Julie.**

Ons was sommer vroeg vanoggend op Bethulie. Ons neem almal deel aan die uitstappie deur die wildreserwe na die groot dam. Die middag gaan ons per motor na die Oranjerivier. Na die suksesvolle opvoering in 'n saal wat oorvol was word ons onthaal deur die J.V. en later op die stasie deur Leendert by geleentheid van sy verjaarsdag.

**Saterdag 16 Julie.**

Edenburg! Behalwe die lekker ete in die hotel die middag en die luister na die toetswedstryd in die lounge het hier niks van belang plaasgevind nie —nie eers 'n opvoering nie.

**Dinsdag 19 Julie.**

Ons het weer die gewone roetine volgehou deur op 'n vragmotor te ry en te sing en die inwoners van Theunissen aan te maan om die P.U.K. se biblioteekfonds te ondersteun. Toe die gordyne die aand oopswaai kon ons nie juis vrug op die arbeid sien nie. Dit het ook nie saak gemaak nie. Fanie verjaar mos vandag en na die opvoering sou ons dit vier. Die viering was „net vir mans" met 'n pensklavier, gespeel deur 'n ou bekende van ons reisvader.

**Woensdag 20 Julie.**

Helaas! vanaand is ons laaste opvoering. In die koue op die vragmotors moes ons weer die middag sing en vir die soveelste keer dit uitbulder: „Kom vanaand na die toneelopvoering, drie eenbedrywe, opgevoer deur studente van die Potchefstroomse Universiteitskollege; vanaand om 8 uur in die skoolsaal, Henneman!" Nieteenstaande die koue het hierdie woorde ook in die strate van Ventersburg weerklink. Na die opvoering het ons op koste van Eddy Schmidt vir oulaas in die kafee gaan sing en pret maak. Dieselfde aand moes ons al afskeid neem van Laura en Ria."

Nouja, só kom alle dinge tot 'n einde; ook hier die heerlike toer van ons. Ons ander klomp het darem nog saamgery tot op Johannesburg en daar het ons weë uitmekaar geloop.

Die toneeltoer van 1949 met al sy pret en grappe, met al sy moeite en beslommernisse, met al sy olikheid en vrolikheid, waarin ons die bande van vriendskap almal met mekaar heg vasgeknoop het, sal in ons herinneringe altyd lewend bly! LUDI.

## EN SY VAL WAS GROOT

Die diep duik in P.U.K. se hoofstraat voor die „Vesting van die Skones" is te wyte aan 'n langderm-Puk-student, Joos Kooste, wat gepoog het om 'n pligsgetroue student letterlik in die wiele te ry. Wat kon lg. anders doen as om te briek uit 'n dodelike vrees dat die voortvarende Joos dalk tot die hospitaal toegelaat mag word? In elk geval: Joos het sy lyf Spitfire gehou en slote in die harde gruis geploeg met sy hande, ná 'n pragtige duik deur die atmosfeer wat enige All Black se bek sou laat water het. Amie-kus se boeke het versprei gelê.

**Om alles te bekroon moet Joos se „mosbolletjie" en „dadelpitjie" haar opwagting op die kritieke oomblik maak om haar held, die skattige Josie,**

(Vervolg na bls. 4, kol. 3).

Die Firma van
DAVY ROBERTSON se ATELJEES
Alom bekend vir die produksies van die mees moderne PORTRETTE.
Ook vervaardig ons
FOTO-RAME.
DAVY ROBERTSON
Bus 99. Telefoon Nos. 317 & 493.
POTCHEFSTROOM.
Ook te Rautenbachs-geboue,
Klerksdorp.

DIE NUUTSTE ONTWERPE.
MODE SE HOOGSTE PUNT.
ENKEL-LISSIE
DAMESSKOENE
vanaf 29/6
EDWORKS (1936)
BEPERK
KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

W. J. SPAVINS
EN SEUN
VIR ALLE
Elektriese Benodighede,
Draadlose, Koelkaste.
KERKSTRAAT 65,
POTCHEFSTROOM.

GILFILLAN EN
STROH
POTCHEFSTROOM.
FIETSE EN
FIETSREPARASIES

Probeer ons eerste vir u
*WINTERBENODIGHEDE*
GROOT VOORRAAD OP HANDE EN PRYSE WAT ELKEEN KAN BEKOM.
:o:
BOTHA GOOSEN
Foon 430 POTCHEFSTROOM Posbus 81

Gedruk deur Die Westelike Stem, Potchefstroom en uitgegee deur die P.U.K.-studente Verteenwoordigende Raad.